

13.12 RAPPORT 2 – DEPUTATE VAN PRE-ADVIES VIR FINANSIES (Art 215)

- A. Ds PJ Nel lewer die Rapport.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

- 1.1 Jaarliks die Finansiële State te ontvang en na te gaan en terugvoering aan kerke te verskaf (Acta 2012:64, 6.1).
- 1.2 Nadat finansiële state en Agenda van die Algemene Sinode by Streeksinodes beskikbaar is, solank begin om die state te behandel en 'n aanbeveling aan die Sinode te maak asook aanbevelings oor finansiële sake (Acta 2012:64, 6.2).
- 1.3 Oorweging word daaraan gegee dat elektronies vergader word. Verwys na die Kommissie vir die Benoeming van Deputate (Acta 2012:64, 6.3).
Die motivering vir die aanwys van die Deputate van Pre-advies vir Finansies, is die volgende: *'Die Kommissie van Finansies by die Sinodes het nie genoegsame tyd om die Rapporte vroegtydig in die Sinode beskikbaar te stel nie. Spoediger afhandeling van Finansiële Rapporte sal die Sinodesitting baie bevoordeel'* (Acta 2012:64).

Besluit: Punte 1.1 tot 3.1 kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

- 2.1 Oor Opdrag 1 en 3 – afgehandel in die Eerste Rapport van Deputate vir Pre-Advies Finansies.
- 2.2 *Opdrag 2 bestaan uit 2 dele*
 - 2.2.1 Om die Finansiële State wat by die volgende Algemene Sinode ingedien word, te behandel en 'n aanbeveling aan die Sinode te maak.
 - 2.2.2 Om aanbevelings oor finansiële sake by die volgende Algemene Sinode te maak. Hierdie aanbevelings dien in Rapport 3 Deputate Pre-Advies Finansies.
- 2.3 *Uitvoering van Opdrag 2 – Finansiële State*
 - 2.3.1 Neem kennis van die opdrag: "Om die Finansiële State wat by die volgende Algemene Sinode ingedien word, te behandel en 'n aanbeveling aan die Sinode te maak".
 - 2.3.2 Die Deputate Pre-advies Finansies se taak en doel is nie om die state oor te oudit nie. Die Deputate ontvang die state, ondersoek dit namens die Sinode en rapporteer aan die Sinode.
 - 2.3.3 Werkswyse
 - 2.3.3.1 Die ongekwalifiseerde geouditeerde state is aan al die Deputate ge-e-pos.
 - 2.3.3.2 Hierdie taak is spesifiek aan die kundiges opgedra. Met kundiges bedoel ons nie predikante nie, maar persone wat staan in Finansiële beroepe.
 - 2.3.3.3 Die ongekwalifiseerde geouditeerde state is ondersoek en daar is per e-pos met mekaar gekommunikeer.
 - 2.3.3.4 Vrae is aan die Administratiewe Buro se personeel gevra, asook aan die Bestuur van die Administratiewe Buro. Die Finansiële van die Administratiewe Buro was die hele tyd betrokke. Onder sy leiding is alle vrae se inligting bymekaar gemaak en beantwoord. Die Deputate is baie beïndruk met die kundigheid en hulpvaardigheid waarmee die diens gelewer word.
 - 2.3.3.5 'n Telefoonkonferensie is gehou.
 - 2.3.3.6 Uit die konferensie se bespreking volg die Rapport aan die Algemene Sinode.
 - 2.3.4 Die taak van die Deputate tydens die Sinode
 - 2.3.4.1 Die doelwit is om die hantering van alle sake tov finansies, meer vloeiend te laat plaasvind. Wanneer die Rapporte oor finansies gelewer word, kan die Rapporte van die Deputate Pre-advies Finansies daarmee saam gelewer word. Indien die Rapporte en bespreking vir die Sinode bevredigend is, kan die sake staande die Sinode afgehandel word.

- 2.3.4.2 Die Deputate gaan tydens die bespreking in die Sinode ook gereed wees om vrae te help beantwoord, indien die Sinode dit verlang.
 - 2.3.4.3 Indien die Sinode steeds nie 'n besluit kan neem nie, word dit na die Sinode se Finansiële Kommissie verwys.
 - 2.3.5 Hantering van 9 Fondse se Finansiële State wat ontvang is
Die Finansiële State vir die jare geëindig 30 Junie 2012, 30 Junie 2013 en 30 Junie 2014, is van die onderstaande Fondse ontvang en ondersoek:
 - 2.3.5.1 GKSA Administratiewe Buro
 - 2.3.5.2 Gereformeerde Emeritaatsverversorgingstrust
 - 2.3.5.3 GKSA Predikante Pensioenfonds
 - 2.3.5.4 GKSA Mediese Versorgingsfonds
 - 2.3.5.5 GKSA Ongeskiktheidsfonds
 - 2.3.5.6 GKSA Ondersteuningsfonds
 - 2.3.5.7 Sinodale Deputate vir Diakonale Sake van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
 - 2.3.5.8 President Kruger Kinderhuis Pretoria
 - 2.3.5.9 President Kruger Kinderhuis Reddersburg
- Besluit: Punte 2.1 tot 2.3.5.9 kennis geneem.**

3. Sake waaroor die Sinode besluit

Aanbevelings

- 3.1 Die Deputate vir Pre-advies Finansies het die ongekwalifiseerde geouditeerde state van die 9 Fondse (2.3.5.1–2.3.5.9) ondersoek, deeglik bespreek en beveel aan dat die ongekwalifiseerde geouditeerde state soos voorgelê, deur die Sinode aanvaar word.
- 3.2 Die Sinode se Finansiële Kommissie formuleer die benoemde Deputate Pre-Advies Finansies, se opdragte insake die ongekwalifiseerde geouditeerde Finansiële State vir die volgende termyn, en maak aanbevelings aan die Sinode.

Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.